

PLATTELAND KAN NOU TOT SY REG KOM

Ope brief aan alle lesers en sakeondernemings in die Oos-Vrystaat

Dis 'n belewenis om te sien hoedat Suid-Afrika se mense bymekaar skaar om die land en ook die arm mense by te staan in die moeilike tydperk wat die hele wêreld getref het!

Oral word fondsinsamelings tot stand gebring om minder-bevoorregtes by te staan. Die regering by monde van die Staatspresident veg hand en tand om te keer dat die "Corona Virus" verder sy tol eis.

Die Skepper se opdrag aan ons is immers ook om om te sien na die armes.

Die Afrikaner-volk van Suid-Afrika weet wat dit is om swaar tye te beleef. Hulle het immers die Groot Trek, Anglo Boere-oorlog, Spaanse griep (1918), Depressie en droogte-jare van 1933, ens. deurgemaak.

Voortvloeiend uit daardie tydperke

is die Helpmekaarfonds ook op die been gebring.

Die boeregemeenskap het baie droogtes al beleef - soos selfs die afgelope paar jaar en tans nog in die Noord-Kaap die geval is. Daar het die regering ook hulpfondse vir die boere tot stand gebring wat sekerlik nooit by die kommersiële boere uitgekome het nie.

Die boerenasie het 'n besondere eienskap - druk hom in 'n hoek en hy sal 'n pad oop veg vir sy voortbestaan!

So is talle Koöperasies tot stand gebring - NCD (Clover), Senwes, Noordwes, VKB, BKB, Oos-Vrystaat, Boland Agri, Kaap Agri, ens. Die hoofdoel was om 'n gesamentlike aankope, bemarking en finansieringsarm te stig.

Die Koronavirus gaan en sal ook soos VKB se besturende direkteur, mnr. Koos van Rensburg, dit onomwonde gestel het, baie mense en besighede baie seermaak. Hy het 'n oproep op VKB se boere gemaak

om VKB se solidariteitfonds met een hektaar graan, ens. te ondersteun. Dit bring my nou by die platteland in sy geheel.

Waar staan die platteland in die stryd teen die virus?

Elke plattelandse dorp se bestaan rus bykans geheel en al op die boere-gemeenskap, paar het fabriek, en sakeondernemings. Ons lewe van mekaar en sorg ook dat die gemeenskappe 'n bestaansreg het!

Elke eiendom in 'n dorp - of dit nou 'n huis, kerk, staatsgebou, sakeperseel of woonstel is, het 'n waarde en die waarde word bepaal deur vooruitstrewendheid. Daarom is dit noodsaaklik dat ons ons eie belegging beskerm. Wie wil nou 'n eiendom koop en oor 30 jaar met aftrede niks of baie minder as die inflasiegroei kry?

Daarom is dit noodsaaklik dat ons "Koop-in-jou-dorp" en sodoende jou belegging beskerm. Dit is ons erns dat ons in die platteland ons belegging moet beskerm en nie so

maklik besigheid in die stede gaan doen en as verskoning gebruik dat daar beter, goedkoper en groter verskeidenheid is nie! Of net wil gaan uiteet....!

Die sakeondernemings moet mekaar ook ondersteun waar moontlik - die slimste en beste is ook plaaslik beskikbaar.

Dink bietjie aan die groot leiers van die verlede - hulle was/is plattelanders ook gewees.

Sakeondernemings kan ook nie verwag hulle moet plaaslik ondersteun word as hulle nie ook hulle deel doen nie.

Die Koronavirus het dalk ook 'n boodskap - LOCAL IS LEKKER! "Charity begins at home"!

Dankie aan VKB dat julle die solidariteitfonds beperk tot verspreiding deur kerke en in julle sakegebied. Alle sukses met die insameling!

*Oud-redakteur, sakeman en boer:
Tom Watson*

Eers geen beeste, nou geen mense!



Dinsdag is 'n Vleissentraal veiling in Frankfort gestop nadat die polisie gesê het dit is onwettig.

Boere en afslaaers net in die Vrystaat word geteiken, die res van die land se veilings gaan voort. "Daar is gesê ons is deel van die voedselketting, maar nou is ons verbied" verduidelik PJ Muller, hoof van Vleissentraal in Frankfort. Lewendehawe ondernemings het 'n skrywe ontvang van die Departement van Landbou, Bosbou en Vissery wat dui dat veilings mag voortgaan indien die reëls nagekom word waar minder as 50 mense dit bywoon. Slegs die kopers en die

werkers mag daar wees en ander betrokke maatreëls moet gevolg word. Egter het die polisie die veiling in Frankfort op 23 April, kort na agt uur besoek. Na drie ure lank se redekawel is die veiling gestop en die vee uit die hand verkoop. Volgens lede van die veediefstal-eenhede in die Vrystaat, wat aangesê is om die veeveilings stop te sit, is dit 'n regstreekse opdrag van kol. Hannes du Preez van die polisie in Bloemfontein.

Verskeie van die boere kom van vêr en lei groot verliese as gevolg van die reiskostes. Nadat Vleissentraal verskeie briewe voorgelê het aan die

polisie, het hulle steeds aangedring dat die veiling onwettig is en het gedreig om almal op die perseel in hegtenis te neem. PJ sê daar is nog baie grys areas oor wat moet en mag gebeur, maar daar is met verskeie prokureurs en ministers gekommunikeer om meer duidelikheid oor die saak te kry. Die uitbreking van bek-en-klousee het die bedryf 'n paar maande gelede byna lamgelê nadat veilings opgeskort was om die verspreiding van die siekte te voorkom. Nou is daar 'n nuwe virus

onder mense wat dieselfde probleem veroorsaak.

Vleissentraal het Woensdagmiddag 'n brief van die Departement van Landbou ontvang wat bevestig dat veilings wel wettig is. Van die afslaaers sê hulle oorweeg dit om eise in te stel omdat hulle groot geldelike verliese gely het.

Die polisie in die Vrystaat het alle navrae na die nasionale woordvoerders verwys wat nog nie gereageer het nie.

Lewendehawe bemarking

• Uit-die-hand-transaksies

Kontak Piet Boshoff

Sel: 083 210 7135

vir enige navrae



AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 055 813 1071 Faks: 055 813 2317
E-pos: frankfort@bkbloewid.co.za
Reg. No. 2006/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za



BKB Louw Noord:
**"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer
REG gedoen word!"**



Tracey Jacobs en haar span

Weens die wêreldwye tekort aan mediese maskers wat gebêre word vir die mediese personeel is dit belangrik om 'n herbruikbare masker te dra. Enige masker is beter as geen masker, en dit gaan daaroor om minder kieme te versprei. Weens jy vir dae lank met COVID-19 kan rondloop sonder die wete dat jy dit het kan die virus vinnig versprei. Tracey Jacobs van Angle Feather Boutique in Heilbron het kort voor die inperkingsperiode begin om enkellaag maskers te maak en het die eerste 100 verniet weggegee. Haar winkel het egter net soos talle ander gesluit die 26ste Maart. Sy het haar sertifikaat om voort te gaan met die maak van maskers teen 8 April ontvang en het met verkeie navorsing begin om nuwe ontwerpe te maak om die nodige vereistes na te kom. “Jou masker is onvoldoende indien jy deur hom steeds 'n vuurhoutjie kan dood blaas” vertel sy en het die nuwe produksie van 'n 3-laag masker begin. Nadat ongeveer 500 maskers alreeds uitgegee is vir liefdadigheid, verkoop sy ook die maskers volgens bestelling en by Spar. Sy ry steeds met 10 maskers in haar voertuig en deel dit in die strate uit aan mense vir die wat dit nodig. Dit is belangrik om nie net jouself nie, maar die ander om jou ook te beskerm en 'n masker te dra. Sy doen 'n beroep op elk wat ook die “Face Shield” dra om steeds 'n masker te dra weens die kieme steeds gemaklik jou sinus kan verlaat. Gesigmaskers is nie net vir jou eie veiligheid nie, maar raak deel van 'n mode verklaring en kan sommige maskers by jou uitrusting pas. Wees deel van die nuwe modestelling en beskerm terselfdetyd jouself en ander mense. Bestel ook jou herbruikbare en wasbare maskers by Heilbron Herald. *Handsanitizer* produkte ook nou in voorraad.

COVID-19 Siftingstoetse

Saterdag 25 April, 09:00-12:00 by Heilbron Kliniek

NOU IS DIE TYD!

Belê in meerdoelige fynwol Letelle Stoetramme!

6 GEKEURDE,

prestasie getoetste jong ramme met 100 jaar se lyn en inteling agtergrond. Groepparing met objektiewe metings as riglyne van goeie moederseienskappe.

RAMME SE GEMIDDELDE

- Mikron 19
- CF 99 plus
- Skoon opbrengs 59%
- Treksterkte 40%

KONTAK BESONDERHEDE: 083 644 0094 | tomw@heilbron.co.za

NOW IN STOCK

Hand Sanitizer Spray (20ml) 70% Alcohol
R31.00 incl. VAT

Hand & Surface Sanitizer Aerosol Spray (120ml) 97% Alcohol
R38.00 incl. VAT

Hand & Surface Sanitizer Aerosol Spray (275ml) 97% Alcohol
R62.00 incl. VAT

Herald

Office National

Heilbron Herald

OUR DIGITAL SERVICES ARE OPERATIONAL DURING THE COVID-19 LOCKDOWN

ORDERS, FOR THE FOLLOWING SERVICES, ARE STILL OPEN DURING LOCKDOWN FOR PROCESSING:

- Design
- Print
- Signage
- Stationery
- Office Furniture
- Branded Clothing & Apparel

Heilbron Herald

For more information contact us on: 083 269 9257 | heraldoffice@heilbron.co.za

WEEK 4

**OP SKOOL KON EK
ONS HELE MATRIEK-
KLAS OP 'N AFSTAND
UITKEN.** Ek het 'n studie
gemaak van hoe hulle stap.
Hoe elkeen sy hande swaai,
of hoe daardie een met sy
linkervoet effens na buite
loop. Ek kon in die verte
sien of dit Ras of Lappe of
Rudi of Eyeball is wat daar aankom.



Ek het eenkeer by 'n vriendin in Qatar gaan
kuier. Interessante ervaring. Sommige van
die Moslemvroue dra 'n *burqa* oor hulle
koppe, sommiges nie. Ander dra 'n *burqa* wat
glad nie 'n skrefie het nie. Dan is daar weer
ander vroue wat 'n *burqa* dra wat 'n skrefie
het (genoem 'n *niqab*). Ander het weer 'n
niqab met 'n skrefie en nog 'n *battoulah* saam
met dit. 'n *Battoulah* is gewoonlik van metaal
gemaak (dink goud of silwer) en lyk soos 'n
oorgroot sonbril (sonder glase) wat oor die
niqab gedra word. Dit is nie duidelik waar
die *battoulah* vandaankom nie, maar dit is
gewoonlik die ouer vroue wat dit dra. Dit
kan ook dui op die matriarg van die familie.

**MY VRIENDIN, WAT DIE HOOF WAS
BY 'N LAERSKOOL DAAR, HET MY
SAAMGEVAT SKOOL TOE.** Met huis-
toe-gaan-tyd het ek my verstom. Elke kind
hardloop direk na sy mamma toe. Vir my het
elkeen dieselfde gelyk: elkeen met sy swart,
tradisionele drag aan en dan nog die *niqab*
wat hulle oë toemaak. Maar elke kind ken sy
ma, of dit aan hulle stappie is, of hulle
liggaamsvorm of wat ook al.

Wragtag, ek sou nie kon nie.
So gaan ek vroeër vandag winkel toe. Ek
het mos al vertel hoe ek my rugsakkie aansit,
afpiekel winkel toe (1,5 km van hier af, leë
sakkie, afdraende, 12 minute) en terug huis
toe (350 km, swaar vol sak, opdraende, 5
weke). Die vier mense voor my het elkeen 'n
masker aan.

Ja, en ek is die een wat nie 'n masker dra
nie. Ek is nog nie so desperaat nie. Ek lees
die aankondiging op die deur dat ek nie meer
Maandag by die winkel toegelaat sal word as
ek nie 'n masker dra nie.

Ons het juis die ander dag twee gevorderde
maskers present gekry. Ek weet nie eers waar
dit is nie. Blykbaar *next level* tegnologie,
want daar is 'n silwer strepie iewers wat
antibakteries is. En dit kan gewas word.
Regtig. Ek wil nie soos een van die Ninja
Turtles lyk wanneer ek met my rugsakkie
winkel toe gaan nie. Jammer, daar sal nog
baie water in die see moet loop voordat ek dit
doen.

**EK IS IN DIE WINKEL EN DIE VROU
VOOR MY KYK NA MY.** En weer. En
weer. Sy het natuurlik haar operasie masker
aan en ek kan net haar twee donker oë sien.
Sy lyk soos iemand wat in ons kerk is, en ek
groet vriendelik. Wil nie hê die dominee
moet 'n preek oor my maniere maak nie. Sy
begin met my gesels. En, sê sy, sy is jammer

dat sy my so aangestaar het
(seker omdat ek nou al vir
amper vier weke nog geen
grimering aangesit het nie –
gloeierende gelaat, sou tannie
Voilet Kuny gesê het).

Aan die einde van ons kort
gemaskerde gesprek kom ek
toe agter dat sy my nie ken nie.
Giggel ek ook by myself: ek het

nie eers 'n masker aan nie, en sy herken
my nie.

As ek haar perdalks geken het, sou ek haar
kon eien aan haar stappie. Dink ek.

Terug by realiteit: wat het jy hierdie week
gedoen wat lekker is?

Ons het eendag 'n paar babatamatiepitte in
die grond gegooi en toe daarvan vergeet.
Totdat dit soos Jan se boontjierank die hele
bedding oorgeneem het. Ons pluk elke week
omtrent 2,5 kg se tamaties. Weggee kan ek
nie, want ons mag nêrens heen nie (behalwe
winkel toe met my rugsakkie). So het ek al
twee keer vir ons tamatieblatjang gemaak.
Het jy so baie tamaties?

HIER IS JOU RESEP:

- Tamatieblatjang
- 10 – 15 cm gemmerwortel, geskil en
gerasper (of so 2 tl gemmerpoeier)
- 2 ruim eetlepels fyn knoffel
- 1 kop asyn
- ½ kop sonneblom- of olyfolie
- 2 tl mosterdpoeier
- 2 tl borrie
- 1 tot 2 tl fyn komyn
- ½ tl rooipeper
- 1 kg tamaties (ek vat somer die rypes en
halfrypes in een pot, ongeskil, sny die grotes
deur sodat dit so groot soos jou duim is)
- 1 groot ui, gekap
- 200 ml bruinsuiker (witsuiker sal ook werk)
- 2 tl sout

Gooi alles in 'n pot en laat dit rustig prut.
Gaan maak solank die huis skoon en roer net
elke dan en wan. Wanneer dit ongelooflik
lekker ruik, is dit reg. So 2 ure. Gooi in
gesteriliseerde flesse en maak seker dat dit
seël. Sit dit op die brood, op jou vleis, in die
rys, smeer dit oor enige lekker ding om dit
nog lekkerder te maak.

Probleem is net dat al die glasbotteltjies
nou al vol is. En die tamatieplant groei asof
dit nie deel is van die nasionale inperking
nie.

Ek dink ek gaan volgende week 'n sakkie
vol tamaties by ons asblik sit vir die
asblikmanne. Elkeen het vanoggend 'n lekker
rooiwangappel gekry. Hulle is immers
essensiële dienste.

NET NOG 'N LAASTE GEDAGTE:

Volgens www.worldometers.info is daar
omtrent 59 000 000 mense in Suid-Afrika.
As oom Cyril nou vir ons elkeen R 8 474 576
gee, dan word die R500 miljard wat hy
bewillig het, mos nou baie goed gebruik.
(Doen gou die Wiskunde om te kyk of ek reg
is – my sakrekenaar het nie plek vir so baie
nulle nie). Of nie?

KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

NG SUID

Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

GEREFORMEERDE KERK

Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

AGS. PLEINSTRAAT 72

Eredienste - Kontak u pastoor vir enige navrae.

CHRISTUS GEMEENTE

Eredienste - Kontak u pastoor vir enige navrae.

AP-KERK

Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

METHODIST CHURCH

Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Eredienste - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Kontak pastoor.

EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK
FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)

Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Kontak Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)

Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Kontak: P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of
Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Navrae: JC Smith 063 247 4774

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

Heilbron
Herald
GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker
Dienssentrum**

vir Bejaardes Reitz

Kontakpersoon

Petro Pretorius

082 325 1322

**HEILBRON
DIENSSENTRUM**

Breëstraat 57, Heilbron

• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades



RIEMLAND MUSEUM

Vir enige navrae kontak

Quarta Pretorius 082 821 2410 of

Magdaleen van Rensburg

076 646 8576

"But Jesus looked at
them and said,
'With man this is
impossible, but
with God all things
are possible.'"

MATTHEW 19:26

GEKLASSIFISEERD
Small's

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars
Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Celéste herald@heilbron.co.za
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Delareyz finance@heilbron.co.za
(Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za
(Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za
(Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron,
Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

Vr 24 Apr.	12 / 24	Sonnig
Sa 25 Apr.	12 / 23	Gedeeltelik bewolk
So 26 Apr.	10 / 23	Gedeeltelik bewolk
Ma 27 Apr.	12 / 22	48% kans vir laatmiddag buie
Di 28 Apr.	12 / 20	51% kans vir reën
Wo 29 Apr.	11 / 20	Sonnig
Do 30 Apr.	10 / 24	Gedeeltelik bewolk
Vr 1 Mei	12 / 26	Bewolk
Sa 2 Mei	12 / 25	Bewolk
So 3 Mei	12 / 25	Gedeeltelik bewolk
Ma 4 Mei	12 / 26	Gedeeltelik bewolk

DIENTE

GiG
Technologies
• Android Software • Web Development
• IT Security Solutions • IT Support Services
• Computer Repairs • CCTV Installations
Contact us for all your technical needs!
Address: 271-4th Street, Heilbron, 9830
Tel: 082 851 6158

Jenny
Wireless Internet
www.jenny.co.za
082 170 9900



BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring
082 851 6158 of
Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

Vir sny-, hark- en baalwerk. Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685

ROLSTOELPROJEK:
Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoel geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.



Andries Muller
072 447 7446

Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

Latest Releases
Late-Nite Video
Heilbron

Maleficent 2
Dora and the Lost City of Gold
Joker
47 Meters Down
Gemini Man

Kerkstraat 42 C / 42 C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Gesik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.

Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.



Tel: 058 8523033
Elsstraat 44 • HEILBRON

Vir die vervoer van vee en graan asook algemene vervoer met vrag versekering kontak Jacques 0826263215

Juané Vervoer
082 626 3215



Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za



11 Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067



Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553



Tel: 058 8523033
Elsstraat 44
HEILBRON

KORONATOETS

Het jy 'n hoes?	1
Het jy verkoue?	1
Het jy diaree?	1
Het jy 'n seerkeel?	1
Het jy lyfseer?	1
Het jy hoofpyne?	1
Het jy 'n koors? (hoër as 37.8°C)	1
Sukkel jy om asem te haal?	2
Is jy baie moeg?	2
Het jy gereis in die afgelope 14 dae?	3
Reis jy gereeld in Covid-19-besmette gebiede?	3
Het jy kontak met iemand wat 'n besmette persoon versorg?	3

Merck die punt wat langs die vraag staan en tel dit bymekaar

UITSLAE

0-2 Lae risiko, dit kan stresverwante simptome wees.

3-5 Hidreer en pas persoonlike higiëne toe. Hou jouself dop

6-12 Kontak u dokter

12-24 Skakel die COVID-19 noodlyn: 080 002 9999 of

Gaan kyk ook na die aanlyn-toets by <https://lco/xFzIqsGaeB>

AANDAG: Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegetydig uit die weg te ruim.

Pekanneutplantasie in Koppies

Heilbron Huis- en Tuinbouklub sou op Woensdag 22 April 2020 Sandra de Jongh se pekanneutplantasie op hul plaas in die Koppies distrik besoek. Weens die inperkingsperiode as gevolg van COVID-19, kon hulle dit nie doen nie en het die lede stemopnames ontvang vanaf Sandra waar sy meer vertel oor hoe die verrigtinge op die plaas verloop. Die opnames is gestuur na die tuinboulede se Whatsapp-groep. Sodoende het die “vergadering” steeds voortgegaan.

Met groot entoesiasme vertel Sandra in 'n neutedop oor pekanneute, waar sy gewoonlik ure lank daaroor kan gesels. Indien die lede die boord sou besoek, sou elk kon proe aan tuisgebakte pekanneuttert, maar ongelukkig moes hulle hulle nou maar verbeel hoe dit proe. Sandra se skoonouers het in 1979 6 bome as geskenk van vriende uit Nelspruit ontvang, wat geplant was agter in die tuin. Nie lank daarna nie het hulle besef dat die bome hier aard en kon hulle stelselmatig die neute begin oes. Die bome staan steeds en word as massief beskryf. In 1990 is Phillip en Sandra getroud, waar haar skoonpa die neute as peuselhappies aan die gaste op hul troudag uitgedeel het. Dit is waar die idee begin het om die bome te begin aanplant. Elke jaar koop hulle ongeveer 400-500 bome aan. Die bome is vir die eerste 6 jaar baie rypgevoelig en moet bedek word vir die wintertyd. Sandra vertel dat hulle nuwe bome gewoonlik in September plant en dit is belangrik dat die bome in goed gedreineerde grond geplant moet word, aangesien dit nie kan groei in kleigrond nie. Verder moet die bome baie goed nat gehou word. Op hulle plaas plant hulle die bome 10m uitmekaar in 'n driehoekvorm, wat dan ongeveer aan 'n 100 bome per hektaar plek gee. Wanneer die bome geplant word, moet die grond se pH ten minste 7 wees en die suurversadiging op 0%.

Wat betref die snoei van die bome, moet hulle vir die eerste 6 jaar gesnoei word. Daar moet een sentrale leier wees van die groep mense wanneer die bome gesnoei word, want die bome het 'n klomp sytakke. Dit is belangrik dat die bome reg gesnoei word anders sal hulle nie dra nie. Die meeste neute word in die lae sytakke gedra. Hulle het in die verlede baie skoolgeld betaal en bome verloor wat nie reg gesnoei was nie. Bome waarvan die takke onder die ent gebreek het, is oor geënt en van die bome het hervat, maar dit was nie 'n sukses nie. Sodoende is al die bome uitgehaal en nuwe bome is geplant. Hulle het groot verliese gelei daardeur. Dit is belangrik om goeie, sterk bome aan te koop. Hulle koop hulle bome aan in die Cullinan area, waar dit gekweek word, teen ongeveer R250 'n boom. Vroeër jare het hulle nie besproeiing gehad nie en was dit 'n droë plantasie. Ongeveer 5 jaar gelede het hulle eers begin

Weens die Koronavirus se kwarantyn-tydperk word almal hartlik uitgenooi om saam te luister na

HEILBRON HUIS- & TUINBOUKLUB

se “vergadering” op **WOENSDAG 22 April 2020** om **10:00** op die **TUINBOU** se Whatsapp-groep

Inligting rondom pekanneutbome - Sandra de Jongh -

Korona-groete
Bly veilig...



Op die foto bo en onder: Pekanneute bome



besproei, die gevolg was dat die produksie aansienlik verhoog het. 'n Volwasse boom behoort 30kg neute per seisoen te gee. In die Vaalhartsskema, waar die meeste pekanneute geproduseer word, word die bome besproei met ongeveer 800 liter water per boom per dag, maar in daardie omgewing is dit baie warmer. Hier benodig die bome slegs 300 liter water per week per boom wat eintlik net aanvullend is. Die koste vir die besproeiing is ongeveer R1200 per hektaar. Wanneer die bome geplant is, is dit belangrik om die water, grond en voedingstowwe reg te bestuur. Hulle bome ontvang reg deur die jaar fosfor, kalium, stikstof en sink, wat saam met die beproeiing toegedien word. In die verlede het hulle dit egter net op die bome gespuit. Hulle het dan ook 'n misblaasser ongeveer 7 jaar gelede aangeskaf, wat gebruik word om maandeliks vir die bome blaarvoeding te gee. Dit verseker optimale produksie. Volwasse bome is eers na 8-10 jaar werklik in produksie en wanneer jy beplan om 'n boord te begin, is dit belangrik om die nodige kapitaal in plek te hê, omdat dit 'n langdurige proses is. Sy raai nie iemand aan om skuld te maak hiervoor nie. Na jare se ondervinding is dit vir hulle belangrik om mense die raad te gee om van die begin af reg te begin. Hierdie raad kan tot gevolg hê dat die produksie in 2-3 jaar verdubbel.

Die oestydperk is gewoonlik Junie, Julie en soms ook Augustus – afhangend van hoe die seisoen verloop het. Die oesproses word gedoen met behulp van 'n

skudmasjien wat die boom by die stam skud. Nette word vooraf onder die bome geplaas, die neute val daarop en word dan per hand opgetel. Hulle huur ongeveer 50 werkers seisoenaal wat die neute optel en in sakke gooi. Op die einde van elke dag word elke werker se sak geweeg en daarvolgens word hulle per week betaal. Hoe flukser die werker is, hoe meer geld kan hy verdien. Sommiges neem tot soveel as R1500 aan die einde van die week huis toe.

Vroeër jare het hulle die neute in Jan Kempdorp laat kraak. Op daardie stadium het hulle ongeveer 2-4 ton geoes. Die neute is dan weer huistoe geneem waar Sandra dit verpak en uit die hand verkoop het. Haar grootste kliënte was bakkers. Soos die produksie verhoog het, het dit onprakties geraak en word die neute nou in dop aan 'n maatskappy in Jan Kempdorp, met wie hulle 'n kontrak het, gelewer. Hulle kom haal ongeveer 10 ton op 'n slag en verskaf die sakke waarin dit gestoor word.

Op 'n interessante noot vertel Sandra dat Suid-Afrika se geproduseerde neute meestal

uitgevoer word na China waar hulle 'n groot totaal binne 'n week of twee opeet tydens 'n fees wat in Julie gevier word. Vir hulle is dit belangrik om die neut uit die dop uit te eet en kraak dit self. Die Chinese is tans besig om aan hulle eie pekanneutplantasie te werk, om in die toekoms self te kan neute produseer, maar dit het Sandra egter nie bekommerd nie.

Peste en plae onder die pekanneutbome is meestal miere wat die bome opvreet. Miergif word dan net om die stam toegedien. Hulle het gelukkig nog net een keer 'n plaag van miere gehad.

Willie, Sandra se swaer en buurman, het ongeveer 5 jaar gelede ook met pekanneute begin boer. Hy het die eerste 2-3 seisoene ook 'n probleem ondervind met miere, maar dit is nou opgelos en 2000 bome staan al mooi. Hy baal sojaboonreste wat om die boom se stam geplaas word voor die somer om vog te bewaar, aangesien hy nog nie besproeiing het nie. Dit werk goed omdat hy die bome dan slegs een maal 'n maand met 'n tenk water gee.

Die lede is gegroet met seën, liefde en voorspoed en die jammerte dat hulle nie self die pekanneutplantasie kon besoek nie.



KORONAKENNIS

HULPLYN 080 002 9999
WHATSAPP 060 012 3456

Soon u sekere simptome?
Skakel die hulplyn EERS, daar sal u die nodige inligting verkry!
Moenie direk na die kliniek of hospitaal gaan voor u nie
deur die hulplyn daarheen verwys is nie!

DVD ondernemings sukkel ten midde van tegnologie

'n Paar jaar gelede het mense met DVD-huurkope die jongste afleverings van reekse en films gaan uitneem en in groepe saam by een huis opgevang. Nou, in die era waar ‘streaming’, wat 'n meer praktiese manier bied om films te kyk, sukkel hierdie soort winkels om kliënte te lok. Hierdie winkels was volop, maar hulle is besig om een vir een uit te sterf. Net soos wat die inry al minder algemeen geword het tot die tragiese stop daarvan. Hierdie vind plaas a.g.v. aanlyn-platforms soos Netflix en Showmax, maar hier in Heilbron is die dorp nog gelukkig om 'n DVD winkel te hê. Die eienaar verkoop ook Old Fashion Sweets en vars springmielies om kliënte daarheen te lok en verkope te verhoog, maar weens die inperkingsperiode is daar 'n groot bekommernis

van hoe besigheid voort sal gaan na die inperkingsperiode. Nuwe voorraad sal aangekoop moet word, waarvan die fondse moontlik nie beskikbaar is nie a.g.v. huur en ander uitgawes wat gedek moes word tydens die inperking. Daar word 'n beroep gedoen om plaaslike ondernemings te ondersteun eerder as om rond te ry vir benodighede. Late Nite-Video vind troos in die feit dat Heilbron 'n klein nabye gemeenskap is en groepe steeds bymekaarkom vir fliekaande. Elkeen word herinner om die DVD wat uitgeneem is onder die “Lockdown Special” terug te neem voor die inperkingsperiode verby is.

Nuttige ou staatmakers in jou huis

Dis bekend dat badsoute seer ledemate, spierspanning en rugpy'n kan verlig, maar het jy geweet dat ’n bad met **Engelse Sout** verkoues en kongestie kan fnuik. Engelse Sout kan gifstowwe en swaar metale uit jou liggaam verwyder terwyl dit ook as ’n stresontlaaier dien. Stres stroop die liggaam van magnesium en Engelse Sout absorbeer die chemiese element, en plaas dit terug in die liggaam sodat jy minder gespanne is. Engelse Sout is ook ’n wonderlike lyfafskilferaar en kan as weekmiddel gebruik word om jou voete sagter, ontspanne en vars te laat voel.

Kremetart is nie net vir bakwerk nie, dis ook ’n uitstekende skoonmaakmiddel. In plaas daarvan om jou potte of panne vir ure lank te skrop – meng ’n bietjie kremetart met ’n paar druppels waterstofperoksied en vryf dit oor die aanbrandsels. Kremetart verwyder ook vlekke van materiaal en maak koper klinkskoon as jy dit met suurlemoen meng. Om van die ketelsteen in jou ketel ontslae te raak, voeg 20ml **Wynsteensuur**, 400ml witasyn en 100ml water by jou ketel en laat dit kook. Gebruik ook wynsteensuur om koper skoon te maak en om eierwitte punt in die wind te laat staan wanneer jy bak. **Koeksoda** is ’n vertroude staatmaker in alle huishoudings en los allerlei probleme op. Dit werk as ’n teensuurmiddel en kan as asemverfrisser, ’n bad- en voetweekmiddel, ’n reiniger vir jou hande, ’n deodorant en ’n skuurmiddel en afskilferaar vir jou vel gebruik word. Koeksoda gee jou yskas weer ’n vars geur en laat vullisreuke verdwyn. Meng dit met ’n klein bietjie witasyn en verstoppings in stoomstrykysters word blitsig opgelos. Voeg ’n bietjie koeksoda by die water wanneer jy weer groente kook en sien hoe mooi die kleur behoue bly! **Sitroensuur** is ideaal om geelkoperornamente skoon te maak. Voeg 10ml sitroensuur en 10ml vloeibare seep by 2 liter warm water, week dit daarin en poleer. Glase sprinkel ook weer nadat dit in ’n oplossing van sitroensuur gewas is. **Boraks** sal net so skoonskip maak van al jou skoonmaakbehoefte. Dit verwyder byvoorbeeld rooiwynvlekke van klere in net een wassessie! Meng Boraks met ’n bietjie water om ’n pasta te maak en los dit vir ’n paar ure op die vlek. Wanneer jy jag maak op insekte, hoef jy nie gevaarlike gifstowwe te gebruik nie – boraks kom tot jou redding! Strooi ’n mengsel van boraks en strooisuiker op rakke en in laaie en kaste om kakkerlakke te kelder. Voeg ’n bietjie aluin by die mengsel wanneer jy van swart miere ontslae wil raak.

Beginners Fitness Guide

During the Lockdown many athletes and fitness fanatics are frantic due to the closing of gyms. Here is a quick and easy week program with exercises you can do at home without any fancy equipment.

MONDAY 20 Jumping Jacks 15 Squats 15 Crunches 10 Push-ups 20 second Plank 15 minute Walk	THURSDAY 20 minute Walk
TUESDAY 20 Jumping Jacks 15 Step-ups 15 Crunches 25 Mountain Climbers 20 second Plank 15 minute Walk	FRIDAY 30 Jumping Jacks 20 Walking Lunges 20 Ab Bikes 15 Tricep Dips 25 second Plank 20 minute Walk
WEDNESDAY 10 Burpees 20 second Wall-sit 20 Crunches 25 Mountain Climbers 25 second Plank 15 minute Walk	SATURDAY 12 Burpees 20 Squats 20 Straight Leg Sit-ups 12 Push-ups 30 second Plank 20 minute Walk
	SUNDAY 25 minute Walk





Is jy jag gereed?

Skiet is 'n gewilde sport in die Heilbron-omgewing en talle lede wat aan die Riemland Jagtersvereniging behoort, is van dorpe soos Vereeniging, Koppies en Petrus Steyn. Met groot teleurstelling is die gewilde prysskiet wat op 18 April sou plaasvind, uitgestel na 27 Junie 2020. Indien COVID-19 nie verdere inperkings forseer nie, sal die jagseisoen soos gewoonlik begin op 1 Mei en sodoende sal talle skuts kan voortgaan met jagsessies. Die res van die Riemland Jagtersvereniging program gaan voort soos normaal.

Herald



Office National

R110 ALT-WIL Incl.VAT



INTO THE WILD

R50 ALT-WLD Incl.VAT

Excluding Branding and Delivery

"The Circle of Life"

• Tom Watson

Die dames sal weet waarna ek verwys - dit is daardie ronde witgoud hangertjie wat heet "the circle of life"!

Dit was/is hoogmode om die hangertjie te dra en moet ek erken dit dra nogal 'n mooi boodskap oor – die begin en die einde, die alpha en omega.

Dit is die lewe – lente, somer, herfs en winter. Hoewel ons dit nie herken nie, herhaal die lewensjare baie gebeurtenisse.

Dink nou aan die groot griep van 1918/19, of soos dit ook bekend staan as die Spaanse griep .

Heilbron se Rooiskool was in 1919 ingerig as 'n noodhospitaal met 'n personeel van 32 .

Destyds was J D Raubenheimer burgemeester van Heilbron en het ook op die personeel gedien, so ook Ben Simon wat as jong man prokureur was.

Nou kom ons by 1933 en ek haal die skoolhoof, wyle Bob Loubser aan: "1933 sal ongetwyfeld in die geskiedenis van ons land bekend staan as 'n jaar van worsteling. Nie alleen moes die hele bevolking worstel teen die aanhoudende ekonomiese verslapping nie, maar ook teen die ongeëwenaarde droogte wat besig is om die Vrystaat in 'n woestyn om te skep.

Gelukkig dat die taaie uithoudingsvermoë van ons volk, geen perke ken nie. Ons glo vas dat ons uit hierdie worstelstryd as 'n beter volk sal te voorskyn kom"!

Dit is nou 'n eienskap van Heilbronners, hulle kan saamstaan as dit moet.

Hier in die sewentigerjare was Heilbron aangewys as die fiksste dorp in die hele land.

Buks Marais, destyds Heilbron hoërskool se gimnastiek-onderwyser, was die dryfveer. Alle inwoners het ingekoop op die gedagte van fiksheid en elke week was daar na skool 'n reëling om deel te neem aan 'n fiksheidsprogram - selfs die landbouers het deelgeneem. Daar was weekliks 'n groot opkoms by die rugbyveld waar oud en jonk hul fiksgereed gemaak het. Die sakemanne, prokureurs, en almal wat dit smiddae nie kon bybring nie, het na 17h00 in die skoolsaal gaan oefen. Daar was nou 'n gekreun en gekerm om dit by te bring om die litte los te kry. Daar was selfs hokkieoefeninge op die skool se stofbaan!

Medaljes is toegeken vir stap van verskillende afstande.

Heilbron is verklaar as die fiksste dorp en die eerste prys was 'n speelpark vir kinders. Die speelpark was opgerig by die Langdam, maar is later verskuif na die gholfbaan.

Van die gholfbaan gepraat, daar word vertel van die diamante wat op die gholfbaan "gevind" is?

Die eerste perseel waar die gholfbaan aangelê is, was waar Huis Bron-van-Heil vandag geleë is.



Heel voor, v.l.n.r. : Bantoeman Piet, Mej. A. Perold, Mej. N. Peis, B. Simon, Mej. E. Vergeer, P. Naudé, Mej. G. Webber, Bantoevrou Sarah.
Eerste ry, v.l.n.r. : Mej. J. Pierca, Suster Malcolm, E. Snowdown, Suster Dixon, J. D. Raubenheimer (Burgemeester); Suster McLoughlin, M. Greenman, Mej. Ramsbottom.
Tweede ry, v.l.n.r. : P. Rieper, Mev. Bruwer, Mej. D. Mentz (nou mev. (dr.) J. Marais), Mej. L. Mentz, Mev. Allingham, Mev. McDermott, Mej. Myron, Mev. Naudé, Mej. Miller.
Derde ry, v.l.n.r. : P. Perold, W. Webber, T. Ashford, Mnr. Marais, G. Wright, H. Ramsbottom (nou Regter), A. Mentz.

Op die foto bo:
Personeel van Noodhospitaal
in Rooiskool Heilbron, 1919, tydens die griep.



Van die medaljes wat toegeken is.

Daar word vertel van 'n ene, kom ons noem hom maar Jan, wat Sondae daar gaan stap het en hy merk toe dat daar diamantgrys op die grond lê. Om nou nie veel aandag te trek nie, buk hy en neem van die diamantgrys en sit dit in sy sak. Die egte blouklipgruis is waar diamante gevind word.

Hy kon die versoeking nie weerstaan nie en vertel toe vir 'n vriend van hom dat daar diamante is. Die vriend wat lid van die gholffklub was, begin toe lag en vertel hom dat die diamantgruis afkomstig is van Kimberley en dat dit gebruik was vir die setperke.

Huis Bron van Heil – Heilbron se tehuis vir bejaardes - nie 'n ouetehuis nie soos die inwoners vertel, het ook sy "insidente".

'n Stadsraadslid is nie herkies nie oor die perseel wat hy aanbeveel het! Time gentlemen!

BONUS HARDWARE

AFRICA WATER TANKS

2000L - R1999.90
2500L - R2399.90
5000L - R4799.90

CASCADE DRUKPOMPE

0.37kW @ R1499.90
0.75kW @ R1799.95

Oop vir essensiële benodigdhede

WEEKSDAE 08:30 - 15:00 SATERDAE 08:00 - 12:00

058 853 0169 | 31 BREË STREET | HEILBRON